

God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesin

Ds. PJ Kriel

Troue Dewald Joubert en Amorien Venter

13.03.2021

Inhoud Hierdie preek wys die nuwe gesinseenheid uit wat die Here skep wanneer Hy 'n man en vrou verenig in die huwelik. Dit wys dat hierdie nuwe gesinseenheid tussen man en vrou 'n einde maak aan die gesin waarin hulle as kinders groot geword het. Hulle is nie meer saam met hul pa en ma in 'n gesin nie, maar in hul eie. Met hulle nuwe gesinseenheid is hul ouers nou nog net pa en ma as familie. Hierdie nuwe gesinseenheid is nie net 'n voortsetting van die gesin waaruit hulle kom nie, maar 'n nuwe een. Daarom moet pa's en ma's en kinders hierdie einde van een gesin en die begin van 'n ander gesin eer en laat gebeur. Die man en vrou moet hul ouers só verlaat.

Skriflesing Efesiërs 5: 21 – 33 Genesis 2: 18, 22 - 23

Teks Efesiërs 5: 31 “Om hierdie rede sal 'n man sy vader en moeder verlaat – en hulle twee sal een vlees wees.”

Tema God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesinseenheid

1. Dewald en Amorien, in die wyse waarop julle juis vandag aan mekaar gee om vir mekaar man en vrou te wees, skep die Here iets nuuts – 'n nuwe gesinseenheid!

Dit is wat verklaar word in hierdie sin in Genesis 2 wat Paulus hier direk aanhaal: “Die man sal sy vader en moeder verlaat”, met die klem op die woord “verlaat.”

Die Griekse woord het 'n hele paar gebruike soos om 'n erflating na te laat, om iets uit te hou, om een kant te los of selfs om iemand te verwaarloos. In hierdie sin beteken dit om van jou ouers as ouers weg te gaan.

Dit beteken in ons teks baie meer as om net vir jou 'n ander blyplek te kry en nie meer saam met hulle te bly nie. In die tyd van die teks in Genesis was dit baie keer só dat jy net jou eie tent gekry het, terwyl jy nog saam met die hele familie van pa en ma, ooms, tannies, neefs en niggies saam gebly het as familie, saam geboer en saam rond getrek het.

Die woord “verlaat” kan ook binne ons teksverband nie beteken dat jy hulle nou uitlos om op hulle self aangewese te wees terwyl jy nie meer vir hulle gaan omgee of help nie.

2. Ouers verlaat moet ons raaksien in wat God tussen 'n man en vrou vrou laat gebeur wat 'n vrou en 'n man een vlees, een liggaam maak.

Dewald, Amorien, wanneer julle as man en vrou juis vir mekaar in liefde gee om een lewe, een tuiste, een toekoms, een inkomste en liggaam met mekaar te wees, doen God iets wat julle nie doen nie maar Hy as Skepper doen.

Dit sien ons in Engels wat twee woorde gebruik waarvoor daar in Afrikaans net een woord is: this man becomes a husband en this women becomes a wife. Dit is die eenheid, die vereniging wat God tussen julle skep wanneer julle juis so aan mekaar in liefde gee.

Julle word een vlees, een liggaam in mekaar omdat jy as man Dewald in haar, en net in en deur haar, nou iets anders is as wat jy op jou eie was. Sy maak in wie sy as

God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesin

mens liggaamlik is, vrou, jou a husband. En dieselfde met jou Amorien, in hom en sy liggaam as man maak hy jou 'n wife.

Dit is die eenheid van een vlees – net 'n man en vrou kan in en deur mekaar se manlikheid en vroulikheid mekaar husband en wife maak.

En dit is die belofte van die Here vir julle wanneer julle julsself vandag gee om een in lewe, tuiste, inkomste, toekoms en liggaam te wees – Hy verenig julle.

3. Julle vereniging as man en vrou vir mekaar is onmiddellik 'n nuwe gesinsverband.

Hier is Afrikaans weer anders as Engels deur twee woorde te gebruik waarvoor daar in Engels net een is – family! 'n Gesin is egter iets ander as om net familie te wees. In 'n gesin gebeur daar iets wat baie nouer, inniger en dieper is as wat in 'n familie gebeur!

God maak julle een vlees, vir een kind! Dit is die unieke van 'n kind – julle kind en kinders sal 100% jou gene wees Dewald en 100% jou gene Amorien. Een nuwe vlees, liggaam wat volledig en ten volle die gene van elkeen van julle se liggaam sal wees.

Die Engels beskryf dit weer met twee woorde waarvoor daar in Afrikaans net een woorde is: seun of dogter, maar in Engels nie sommer net 'n boy of girl nie, maar 'n son en 'n daugther. In Afrikaans julle seun of julle dogter!

Julle eenheid as man en vrou vir mekaar en in mekaar sal in julle seuns en dogters julle een vlees wees!

So in mekaar husband en wife, in julle as pa en ma, sal hulle net in julle en niemand anders julle son en daugther wees.

Daarom skep God vir julle in julle liefde vir mekaar as man en vrou en die wyse waarop julle julsself vir mekaar gee net so nuwe eenheid as jul eenheid as man en vrou in en vir mekaar – God skep in en deur julle 'n gesinsverband om gesin te wees.

4. Hierdie skepping van God – 'n gesin, kan mense nie namaak of behou buite die eenheid van husband en wife nie. Dit verklaar die Here self in Matteus 19 met hierdie woorde waar die Here self weer Genesis 2 aanhaal: “Hy antwoord: “Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af manlik en vroulik gemaak het nie? Verder sê Hy: “Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en aan sy vrou verbind word, en die twee sal een liggaam wees, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een liggaam. Daarom wat God saam gevoeg het, moet 'n mens nie skei nie.” (5,6)

God voeg julle saam beteken Hy verbind julle in mekaar as 'n nuwe gesinseenheid. Daarom beteken skei nie sommer maar net twee mense wat saam geleef het gaan uit mekaar nie. Skei beteken om die gesinseenheid wat die Here gemaak het te breek.

Dit wat jy as husband is word gebreek en is werklik weg, verlore en dit wat jy as wife is, is regtig weg en verlore – en dit wat die kinders hierdeur verloor is 'n gesin. 'n Gesinseenheid wat nooit weer met iets anders vervang kan word. Hierdie

God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesin

gesinseenheid verbreek só dat hulle nou nog net familie is, maar nie meer 'n gesin is of het nie.

Dit wys ons wat beteken die woord “verlaat”. Dit beteken om die gesin waarin jy kind was te verlaat op so wyse dat jy nie weer deel van hierdie gesin van jou pa en ma is nie, maar nou 'n man en vrou is met 'n eie en nuwe gesinseenheid.

Vandag verlaat julle werklik die gesin waarin julle kind was en sal nooit weer deel van hierdie gesin wees nie, want julle is nou 'n nuwe en eie gesinseenheid.

5. 'n Nuwe gesinseenheid in 'n nuwe uitgebreide familie!

Die besondere van hierdie verlating van julle vader en moeders, is dat dit aan almal waarde toevoeg en almal menslik meer maak en verryk!

Julle eie en nuwe gesinseenheid, maak dat julle familie, nog 'n gesinseenheid ryker word waarin julle van julle pa's en ma's, oupas en oumas gaan maak, van julle oupas en oumas oupagrootjies en oumagrootjies maak, en van julle broers en susters, ooms en tannies maak, en hulle kinders neefs en niggies.

Onderling verbind in en deur julle as familie vir en met mekaar!

Daarom is hierdie verlating van die gesinseenheid werklik net waardetoevoeging!

Maar hierdie verlating moet doelbewus uitgevoer word – julle mag nie maak asof julle net voortgaan met alles wie en wat julle as kinders in gesinsverband was nie. Julle moet hiervan afskeid neem en die nuwe amp waarin julle juis self stel aanvaar – hier moet ons twee 'n eie en nuwe gesinseenheid skep, bou en instandhou!

Julle ouers moet nie julle gesinseenheid bou en instandhou nie!

Ook julle ouers moet hierdie verlating aanvaar en eerbiedig. Julle gesinseenheid is nie maar net 'n uitbreiding van hulle gesin nie. Wie julle in hulle gesin was is verby en hulle moet julle eer en respekteer vir julle eie gesin.

Dit, terwyl hulle nog steeds pa en ma, is en altyd sal bly. Want verlaat beteken nie uitlos as pa en ma nie, afskeep as pa en ma of verwaarloos as pa en ma nie, maar om uit hulle gesinseenheid 'n nuwe gesinseenheid in mekaar te skep.

6. Dewald Amorien is nou een liggaam met jou. Amorien, Dewald is nou een liggaam met jou!

Met alles wie en wat julle in julle self is!

Paulus wys op wat die Here vir julle gedoen het sodat julle mekaar in hierdie eenheid met mekaar kan leef.

Dewald, jy kan Amorien lief hê, soos Christus sy kerk lief het! Christus het sy kerk so lief dat Hy Homself oorgegee het sodat Hy sy kerk, heilig, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks laat wees vir sy liefde.

Jy moet dit hoor! Wie is vir die Here se liefde, heilig, dit is volkome, sonder vlek of rimpel? Mense met sondige neigings en wat sondes doen! Die Here maak nie sy kerk, mense sonder sondige neigings wat so perfek is dat hulle nie meer sondes

God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesin

doen nie. Hy laat maak en laat hulle met hulle neigings en sondes, vir sy liefde volkome, sonder vlek en rimpel wees.

Dit doen die Here deur hulle in te sluit en te laat deel in wie Hy as mens in die hemel vir hulle in hulle plek is, heilig en onberispelik, maar wie die straf en oordeel gedra het as 'n onheilige mens vol skuld en smet.

Hoe moet jy Amorien lief hê soos Christus sy kerk lief het? Jy moet asseblief nie probeer om haar soos die Here sonder foute en perfek te probeer regkry soos jy haar wil hê nie. Jy is haar man, nie haar Here nie, en die Here het dit nie eers met haar gedoen nie.

Dit beteken dat jy haar as jou vrou moet aanvaar en lief hê, vir al die foute, al die verkeerde neigings wat jy in hierdie intimiteit van een liggaam wees gaan agterkom, soos die Here haar vir sy liefde laat wees: heilig, sonder vlek of rimpel!

Jy moet glo wie die Here haar vir Hom laat wees sodat jy haar só ook as jou vrou kan ken en lief hê: heilig, sonder vlek en rimpel, want dit is wie sy regtig vir die Here is.

Nooit mag jy haar buite Christus stel, stroop van alles wie sy vir Christus is en haar net sien vir haar neigings en foute nie. doen jy dit, het jy haar nie meer lief soos Christus haar as sy liggaam, 'n lidmaat van sy kerk lief het nie.

7. Amorien, jy moet aan Dewald onderdanig wees as hoof van julle gesinseenheid, soos die kerk aan Christus as Here onderdanig as Hoof van sy liggaam, die kerk.

Hoe is ons aan Christus as Hoof van sy kerk onderdanig?

As die Here wat sy kerk nie deur die mag van sy wet regeer nie, maar deur die krag van sy liefde regeer! Christus regeer ons nooit deur die mag van sy wet nie. Hy dreig, veroordeel, beskuldig, verwyt en verwerp ons nooit deur sy wet nie. Hy lei ons deur ons as sy kinders te verheerlik in sy barmhartigheid, genade, en lankmoedigheid.

Jy moet Dewald se gesag en krag om julle gesinseenheid in die Here se genadeheerskappy te lei en te bestuur aanvaar.

Wanneer hy met krag en gesag optree teen alles wat hierdie gesinseenheid in Christus se liefde ondermyn, bedreig, skend, vervaag of ter syde stel, mag jy nie maak asof hy jou en julle kinders bedreig en onderdruk en jy teenoor sy krag en gesag die beskermde, liefdevolle en innige persoon is, en hy die ongevoelige en liefdelose een is nie.

Sy gesag en krag om hulle gesinseenheid te beskerm en te bewaar, mag nooit vir jou 'n verskikking wees omdat jy die krag van sy manlikheid sien en ervaar nie. Waar Hy soos Christus die Hoof van julle gesin is, moet sy manlikheid en krag jou tuiste wees. Jy moet jou as vrou toewy aan hom en sy manlikheid, nie hom daarvan vervreem nie

God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesin

En jy mag nooit voel of dink dat jy die kinders teen hierdie gesag en krag moet beskerm nie. Jy moet sy krag en gesag as man aanvaar hoe hy julle hoof is. Doen jy dit nie, sal julle kinders die hoof van julle gesin word – hulle sal jou nooit as gesinshoof aanvaar nie – en sal hulle julle al twee aan hulle wil gedienstig maak.

8. En die familie, die nuwe familie?

Hoe moet hulle julle en julle hulle aanvaar?

Want hier is nou 'n hele klomp vreemde mense wat skielik sommer net deur Dewald en Amorien familie gemaak is, sonder dat hulle regtig 'n sê daarin gehad het. Hulle is nou familie gemaak sonder dat hulle kon besluit of hulle nou regtig van mekaar hou of mekaar as vriende of vriendinne sou kies.

En elkeen wat by die familie bykom, het elkeen een of ander skewe nuk en neiging. Hoe moet die familie mekaar aanvaar?

God se genade is altyd verbondsgenade! Die Here het sy verbond nie net met Abraham se gesin gesluit nie, maar met sy familie. Die Here is Here van families!

Daarom is die wyse waarop Hy ons sy kinders laat wees, ook die wyse waarop julle familie mekaar in Christus moet aanvaar! Hy maak sondaars heilig, sonder smet en rimpel reg vir sy liefde! Met al hul nukke en neigings!

As die Here hulle só vir sy liefde reg maak, dan moet ons mekaar ook só aanvaar, terwyl ons mekaar ken soos ons is!

Want deur dit te doen, verstek ons die nuwe gesinseenheid in die familie – Dewald en Amorien se gesin! Spaar ons hulle die las dat ons nie met ons verwyte, vooroordele, beskuldigings en verwerpings, hulle as gesin van familie vervreem nie.

Kom ons aanvaar mekaar só sodat ons hulle die krag en vryheid gee om in hierdie nuwe skepping as man en vrou vir en met mekaar te gaan leef – ons gaan ons vaders en moeders verlaat en een vlees wees!

9. Vir die eise van die nuwe tyd in hierdie land is die nie meer 'n luukse nie, maar het dit vir die oorlewing van huwelike en gesinne noodsaaklik geword.

Ons raak al meer op mekaar aangewese net om werk te kry, 'n huis te hê en kos op die tafel te hê. Kinders se toekoms in ons gemeenskap lê nie meer net in gesinne nie. Dit lê in uitgebreide families! Bejaardes se toekoms lê nie meer in hul eie gesin nie, maar in hul kinders se gesinne!

Kom ons aanvaar mekaar as familie in Christus sodat ons vir mekaar en hierdie nuwe gesin 'n krag ten goede kan wees en ons nie met ons nukke en neigings ons uit mekaar dryf nie.

10. Dewald en Amorien, die Here skep in julle iets wat net Hy kan doen – Hy skep 'n vereniging waarin Hy julle husband en wife vir mekaar maak, waar hulle julle so 'n nuwe gesinseenheid maak.

God skep in die liefde van 'n man en vrou 'n nuwe gesin

Die Here het julle vir mekaar as sy kinders in sy liefde heilig, reg, sonder smet of rimpel gemaak sodat julle juis onbevange aan mekaar kan gee en lief hê as man en vrou.

Hy het beskik dat julle mekaar gevind het en julle juis vir mekaar wil en kan gee.

Glo Hom vir wie Hy is en wat Hy doen, sodat julle vry en spontaan kan wees en doen wat julle moet wees en doen –

Wees vir mekaar man en vrou!